


CVO OMEGA AKADEMIE



Prospektus

2de Uitgawe 2014

CVO OMEGA AKADEMIE

Prospektus

INHOUD

	Bladsy
1. Welkomswoord van die Hoof	3
2. CVO OMEGA AKADEMIE in 'n neutedop.....	4
3. Voorwoord en uitnodiging.....	5
4. Etos van CVO OMEGA AKADEMIE	5
5. Geskiedenis van CVO OMEGA AKADEMIE	7
6. Skoolwapen en Skoolvlag ... (Vir plasing later)	
7. Skoollied	8
8. Roeping en strewe van CVO OMEGA AKADEMIE	9
9. Taak en opdrag van CVO OMEGA AKADEMIE	9
10. Waardestelsel van CVO OMEGA AKADEMIE	10
11. BCVO	11
12. Keuring en toelating	12
13. Skoolorganisasie en Bestuur	13
14. Skoolgelde en finansiële reëlings	15
15. Skoolbesoek	15
16. Skooltye	16
17. Vakke	16
18. Toetse en Eksamens	17
19. Huiswerk	17
20. Dienste	18
20.1 Kleuterskool	18
20.2 Naskool	18
21. Buitekurrikulêre aktiwiteite	19
22. Leierskampe	21
23. Leierstelsel	21
24. Merietetoekennings	21
25. Oueraande	21
26. Afsprake tydens skoolure	22
27. Dissiplinêre Stelsel	22
28. Skoolreëls	23
Algemene Orde / Algemene reëlings / Klasreëls	23
28.1 Skooldrag	24
28.2 Algemene voorkoms van Leerlinge	25
28.2.1 Meisies	25
28.2.2 Seuns	25
28.3 Skooltasse	25
28.4 Handboeke	25
28.5 Huiswerkboeke	25
28.6 Selfone	25
28.7 Skoolterrein	26
28.8 Kledkamers	26
28.9 Optrede buite die Skool	26
29. Dokumente wat benodig word vir keuring en toelating	27
30. Ten slotte	27

Deut. 6: 6 en 7: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

1. Welkomswoord van die Hoof

Die wonder van CVO OMEGA AKADEMIE word beter omskryf in sy andersheid. Vanaf die besondere kinderbeeld, die sonderlinge onderwysersonderrig-ingesteldheid en die uitnemende ouerlike behoudendheid, tot die gesaghebbende leerinhoud en Godsverheffende aanspreeklikheidsaanvaarding, spreek alles wat in hierdie skool gebeur van finesse en gehalte. Ons andersheid en uitgesonderdheid vind veral beslag in die feit dat dit 'n "in watter toegedraaide" skoolgemeenskap is vir die God van hemel en aarde. Met ander woorde, geheilig vir Christus.

Ons dien nie gemeenskappe nie, ons dien God. Wanneer u dus u kind na hierdie skool bring, sal hy onderrig en opgevoed word deur toegewyde, bekwame, gekwalifiseerde, wedergebore Christene binne die deurtrapte en beproefde opvoedingsrealms van die gereformeerde leer met leer-en-lesinhoud saamgestel vanuit dieselfde werklikheid.

Prestasies op sport, akademiese en kulturele gebied word nie nagejaag tot op 'n punt waar dit letsels op 'n kind of op die onderlinge rolspelersverhoudinge laat nie. Uitnemendheid in die werk wat gelewer word is egter 'n lewensbeskouing wat algaande aangekweek word in ons opvoedingsbenadering vanuit 'n perspektief van "die eer behoort aan die Here".

Hierdie Skool is nie vir almal nie en nie almal sou waarskynlik hier tuishoort nie. Die spyt sal egter ondraaglik wees vir ons en vir u, indien u wel met die opvoedings-benadering en etos van hierdie skool assosieer en weens watter rede ookal, versuim om in te skakel! Geluk aan elke ouer wat reeds die besluit geneem het om u kind by ons in te skryf. Die keuring en ontvangs van ouers is 'n belangrike uitgangspunt van ons toelatingsbeleid. Welkom aan gesinne wat graag deel wil word van CVO OMEGA AKADEMIE. Ons verseker u van ons toewyding in 'n lang en betekenisvolle verbintenis in verantwoordbare onderrig.

Baie welkom.

Skoolhoof

2. CVO OMEGA AKADEMIE in 'n neutedop

CVO OMEGA AKADEMIE is 'n onafhanklike (privaat) skool wat 'n lidskool van die BCVO (Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys) is, met die volgende kenmerkende eienskappe:

Ouerbesit	Die skool word onafhanklik van die staat, en ten volle deur die ouergemeenskap self, bestuur.
Gevestig	CVO OMEGA AKADEMIE bestaan uit 'n volwaardige kleuterskool, laerskool en hoëskool (tot Graad 12) wat op dieselfde terrein gehuisves word.
Selfstandig	Die ouergemeenskap is steeds besig met die uitbou en verbetering van die terrein en fasiliteite, en is self verantwoordelik vir die instandhouding daarvan.
Toeganklik	CVO OMEGA AKADEMIE is geleë op die APK-terrein, op die R62-roete net buite Kareedouw.
Bekostigbaar	Skoolgeld is bekostigbaar. Tariewe word so laag moontlik gehou, sonder om die selfstandige voortbestaan van die skool in gedrang te bring.

Ons bied aan Afrikanerkinders die geleentheid om hoë gehalte skoolopleiding te ontvang in 'n unieke Christelik-Calvinisties-Protestantse atmosfeer.

As u en u gesin ons grondslag, strewe en oogmerke onderskryf, nooi ons u vriendelik uit om by ons te kom aansluit ter wille van u kinders se opvoeding. Skakel die Skoolhoof of die Direksie vir meer inligting.

Posadres van die Skool en Direksie:

CVO OMEGA AKADEMIE
Posbus 56
KAREEDOUW
6400

Tel: (042) 288 0071

Faks na

e-pos: **086 403 1457**

Die Opvoedingsraadvoorsitter, Rudi Smith
Die Skoolhoof: Derek Morkel
Die Kantoor, Adri Smith:

084 513 9776

082 413 9221

(042) 288 0071

Straatadres:

APK-Terrein,
Roete R62, Kareedouw

E-pos: omegacvo@gmail.com

Webtuiste:(binnekort beskikbaar)

Koördinate: **S 33° 56' 45.68"** **O 24° 16' 11.31"**

3. Voorwoord en uitnodiging

Die Direksie wil hiermee graag 'n hartlike uitnodiging rig aan almal wat die saak van Christelik-volkseie onderwys (CVO) vir Afrikanerkinders op die hart dra, om by ons aan te sluit, sodat ons saam die skool verder kan uitbou. Hierdie **Prospektus** omskryf kortliks die etos en werkswyse van CVO OMEGA AKADEMIE vir voornemende en bestaande ouers van die skool.

CVO OMEGA AKADEMIE is geaffilieer by die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO). Die skool se geloofsgrondslag word bepaal deur die Christelik-Calvinisties-Protestantse geloofsbelydenis, soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid. Die skool se volkseie grondslag word bepaal deur sy verbondenheid aan die Afrikanervolk, sy geskiedenis en ideale.

Die skool bied gehalte-onderdig met persoonlike aandag deur 'n uitstaande professionele korps van toegewyde personeel vir elke graad, van kleuters tot Graad 12. Die skool moedig selfwerkzaamheid aan en pas dit waar moontlik toe deur die onderhoud en uitbreiding van die terrein en skoolgeboue deur volkseie arbeid van ons kinders en ouers self.

Almal wat die belange van ons skool op die hart dra en ons wil ondersteun, word hartlik uitgenooi om aan ons besoek te bring. Bydrae by wyse van skenkings en debietorders – ook om minder bevoorregte volksgenote in staat te stel om hulle kinders 'n behoorlike CVO-opvoeding te gee – word baie hoog op prys gestel. Skakel gerus met die Direksie, Skoolhoof of onderwyspersoneel as u enige verdere inligting verlang of aansoek wil doen om toelating.

(Direksie: CVO OMEGA AKADEMIE)

4. Etos van CVO OMEGA AKADEMIE

CVO OMEGA AKADEMIE is trots op dit wat sy eie is: sy akademiese standaarde, tradisies, geskiedenis, ouers, onderwysers en leerlinge. Dit is ons strewe om dit te beskerm en ons leuse “Christus is ons Strewe” in ons handelswyse te vergestalt.

Elke leerling moet daarna streef om:

- te alle tye eerlik, getrou, opreg, hulpvaardig, nederig en vriendelik te wees;
- Christelike beginsels te handhaaf en daadwerklik op alle terreine uit te leef;
- trots te wees op sy Afrikanerkultuur en Volkseie tradisies.

Die **doel** van die Skool is om verbondsouers te help in hulle verantwoordelikheid om hulle kinders in die gereformeerde leer op te voed, soos by hulle doop belowe is. Ons wil ons kinders sodanig opvoed dat hulle:

1. God dien.
2. Geskik en bereid is om al die gawes wat hulle ontvang het tot God se eer, tot heil van hulle medemens en tot uitvoering van God se kultuuroopdrag binne alle lewensverbande waarin God hulle plaas, te gebruik.
3. 'n Liefde ontwikkel vir Afrikaans en vir ons eie kultuur.
4. Wetenskap op hoë standaard in die lig van die Woord van God kan beoefen.

Die skool funksioneer in samewerking met 50 skole wat landswyd by BCVO ingeskakel is. Dit verseker kontinuïteit en 'n gemeenskaplike standaard.

Die **Missie** van die Skool is:

- Om by elke leerling deur die onderrig van die verskillende vakke die grootheid en almag van God tuis te bring.
- Om aan elke leerling die geleentheid te gee om sy/haar volle potensiaal te ontsluit en maksimaal te ontwikkel.
- Om by elke leerling die nodige trots en respek vir sy/haar volk en die se geskiedenis, kultuur en taal te kweek.
- Om elke leerling geestelik, emosioneel, verstandelik en liggaamlik so te ontwikkel en toe te rus dat hy/sy, hulle plek in die grootmens wêreld met sukses en onderskeiding kan volstaan.

Visie:

- Die prinsipiële verantwoordbare en volhoubare onderrig van gehalte aan die kinders van ons "eienaar-kliënte" teen die dekor van ons besonderse Afrikaner kultuur-en-godsdienstbeleving.
- Deur Umaluzi geakkrediteer tot volle kandidaatskap i.t.v. kwaliteit en gehalte-onderrigpraktyke.

Alhoewel ons telkens in die verlede die onderwys modelle nougeset geïmplementeer het nl: Eers Kurrikulum 2005, toe Uitkoms Gebaseerde Onderwys (UGO) en nou die Hersiene Nasionale Kurrikulum (HNK), het ons nooit afgewyk van die beproefde eertydse selfwerkzaamheid-model waar 'n kind tyd en moeite voor sy eie boeke spandeer nie. Bogenoemde modelle is telkens as onsuksesvol bewys, maar

met selfwerkzaamheid is die kind se resultate die produk van sy eie vermoë en toewyding. Hiervan sal ons nooit afwyk nie en pas ons dit parallel toe met die owerheid voorskriftelike model van die dag.

- Die ouergemeenskap is toegewyde, vermoënde mense van karakter en integriteit en is dit enige skoolhoof se droom om saam met sulke positiewe mense van gehalte te werk!
- CVO OMEGA AKADEMIE bedien tans ouderdomme vanaf 3 jaar tot Graad R in die goed toegeruste en veilige kleuterskool met Graad 1 tot Graad 7 in die laerskool en Graad 8 - 12 in die hoërskool.
- Ons siening is dat sport in hoofsaak 'n instrument is tot mensverbetering om 'n gesonde gees te huisves en nie die spil waarom 'n hele samelewing draai nie en aan blootstelling skort daar niks in die BCVO geledere nie.
- Letterlik alle fasette van die kunste, skoner kunste en musiek word aangespreek in ons jaarlikse kultuurprogram.

5. Geskiedenis van CVO OMEGA AKADEMIE

In die hartjie van die Tsitsikamma was 'n gesiene boer, Jimmie Deale, en sy vrou Maureen, wat gedurende die laaste kwartaal van 1994 diep onder die besef gekom het dat staatskole nie die toekoms is vir behoudende Suid-Afrikaners se kinders nie.

Gedryf deur hul patriotisme en die toekoms van die kinders, het hulle hul geroepe gevoel om 'n CVO-skool in die lewe te roep waar die kinders hul ware Christelike opvoeding kon kry. Ruimte sou vir 50 Leerlinge geskep word en voorlopig sou die skool net as 'n laerskool funksioneer.

Jimmy het dadelik begin om 'n ou huis op een van sy plase, Fraaie Uitsig, in 'n skool te omskep.

CVO Omega Akademie is op 7 November 1994 by die destydse Kaaplandse Onderwysdepartement geregistreer. Op Dinsdag, 24 Januarie 1995 om 07:30 is die skool op kleurvolle wyse geopen en ingewy met 18 leerlinge op die rol.

Op 'n vergadering wat gehou is op 9 Oktober 1996 het die ouers besluit om uit te brei tot 'n Hoërskool.

Op 21 Januarie 1997 open die skool vir die laaste keer op Fraaie Uitsig en in die tweede kwartaal van dieselfde jaar trek die skool oor na die APK geboue.

Sedertdien handhaaf die skool 'n 100% slaagsyfer vir matrieks en is daar tans 63 leerlinge op die skoolrol.

7. Skoollied

Tussen plase - heuwels, stroompie
staan die fraaiste monument.

Dis ons skool - Omega Akademie
Gebou op Christus fondament.

Ja, ons drome in Omega
is om Christus te behaag.
Hier wil ons, ja, sonder weerga
God se strewe steeds najaag.

Dankie, Heer vir al die skoonheid
wat ons daaglik hier omring.
See en bos, geluk, gesondheid
waarvoor ons steeds 'n danklied sing.

Dus, vanuit ons kinderharte
styg 'n jubelsang na bo.
U, die Alfa en Omega,
in U sal ons vir ewig glo.

Lirieke: Oumie
Toonsetting: Oumie

8. Roeping en strewe van CVO OMEGA AKADEMIE

CVO OMEGA AKADEMIE handhaaf te alle tye vriendelik en beslis, maar ook onbeskaamd, sy grondslag van geloof in die Drie-enige God en sy verbondenheid aan die Afrikanervolk. In nederige afhanklikheid aanvaar ons God se opdrag aan ons om ywerig te werk en erken ons dat ons pogings slegs vrug sal oplewer as God ons in Sy genade aansien en Hy aan ons die vrug op ons arbeid gee.

In hierdie gesindheid wil ons deur ons ywer en toewyding ons skool laat groei tot 'n toonaangewende Christelik-Afrikaanse skool in ons omgewing. Daarvoor beoog ons om die krag en geleentheid wat geskep word deur 'n Godsdienstig- en kultureel-eendragtige ouer- en kindergemeenskap ten volle te benut. Ander groepe en gemeenskappe sien al meer op na ons skool vir leiding, ondernemende benaderings en steun, om gehalte opvoeding met die regte waardes oral in die breër Afrikaner-gemeenskap hervestig te kry en in stand te hou. Ons sien dit as ons roeping om toe te sien dat Christelik-volkseie onderwys vir elke verbondskind binne die Afrikanervolk in ons omgewing beskikbaar en toeganklik is.

Die skool plaas klem op, en blink uit in die gehalte van die opvoeding wat aangebied word, sodat leerlinge eendag die volwasse lewe ingaan as stabiele, gebalanseerde jongmense met 'n Christelik-volkseie lewens- en wêreldbeskouing en waardestelsel. Ons berei ons leerlinge voor om, nadat hulle Graad 12 by ons skool voltooi het, toegerus te wees met kennis en vaardighede om selfstandig en ondernemend te dink en op te tree en eendag as volwassenes ook gereed te wees om leiding te neem op die verskillende terreine, elkeen volgens sy eie roeping, vermoë, persoonlikheid en belangstellings.

9. Taak en opdrag van CVO OMEGA AKADEMIE

Ons skool se taak is om 'n uitnemende en bekostigbare opvoedingsdiens met die handhawing van ons unieke Christelik en Volkseie karakter aan verbondsouers en kinders van Afrikaners te lewer.

Met die genade van Bo en in verantwoordelikheid teenoor God en ons ouer-gemeenskap sal ons deur ondernemende benaderings, uitnemende bestuur en effektiewe benutting van al die hulpbronne wat tot ons beskikking is en gestel word, in ons strewe volhard.

10. Waardestelsel van CVO OMEGA AKADEMIE

Die waardestelsel is 'n uitdrukking van die etos van die skool en moet as sodanig deur elkeen verbonde aan die skool eerbiedig en uitgedra word. Dit moet ook deur elke ouer en elke leerling aanvaar en onderskryf word.

10.1 Christelik-Calvinisties-Protestantse aard en karakter wat primêre opvoedingsgesag en verantwoordelikheid deur verbondsouers erken.

Hierdie waarde moet ook uitgeleef word deur ouers, byvoorbeeld deur lid te wees van 'n kerk wat dit onderskryf asook in die opvoeding tuis.

10.2 Afrikaner-volkseie skoolgemeenskap waar moedertaalonderrig gegee word.

'n Afrikaner word vir hierdie doeleindes omskryf as 'n afstammeling uit die Blanke ras van Wes-Europa, wat hom/haar vereenselwig met die Afrikaner se geskiedenis en ideale soos gedemonstreer deur die stryd in die Groot Trek en Eerste Vryheidsoorloë, asook sy Geloofte voor God, geneem op 16 Desember 1838, en op 16 Desember elke jaar herdenk word.

Die skool se kulturomgewing is primêr lojaal en verantwoordelik aan sy ouergemeenskap.

10.3 Uitnemende gehalte onderrig waardeur hoë standaarde gehandhaaf word.

Ons bly gerig op die optimale ontwikkeling van die kind se toekomsptensiaal, met die ingesteldheid van voortdurende verbetering en uitbouing. Die skool moedig aktiewe, gesonde, kritiese en ondersoekende denke aan.

10.4 Vertroue in en respek vir ons mense (personeel, ouers en kinders) met handhawing van integriteit en selfbeheer ooreenkomstig die waardestelsel.

Selfdissipline (selfbeheer) met handhawing van integriteit is die primêre bestuursmeganisme. Hierby word ingesluit aspekte soos eerlikheid, regverdigheid, redelikheid, gebondenheid aan ondernemings, ens.

10.5 Koste-effektiewe diens aan die ouergemeenskap.

Die skool word bestuur deur 'n Direksie, Hoof en personeel wat ingestel is op kliënte-tevredenheid. Dit is van kardinale belang dat die ouer altyd moet voel soos 'n gewaardeerde kliënt. Dit geld ook vir enige besoeker wat hom in ons geledere of op ons terrein mag bevind.

Die Direksie en personeel kommunikeer met en betrek ouers sover moontlik by besluite en die uitvoering daarvan.

10.6 Handhawing van orde en dissipline en erkenning van gesag van ouers, onderwysers en Direksie.

Alle gesag word primêr afgelei uit die Woord van God. Die uitoefening van gesag in die skoolgemeenskap word voortdurend getoets teen die vereistes van die waardestelsel.

Ouers, deur die Direksie, het die primêre seggenskap oor die geldigheid en waarde van die inhoud van onderrig en opvoeding. Onderwysers moet te alle tye gerespekteer word in dit wat hulle doen. Wettige gesag mag onder geen omstandighede deur 'n ouer of kind ondermyn word nie.

Navrae en probleme moet by die Hoof of Dagbestuur van die Direksie aangemeld word, sodat die saak behoorlike aandag kan geniet. Die Direksie as ouerverteenwoordigers gekies uit geledere van die ouers, is in vennootskap met die personeel, verantwoordelik teenoor die ouergemeenskap vir die bestuur van die Skool.

11. BCVO

Tans bevind die Afrikanervolk hom weereens onder 'n volksvreemde owerheid wat ongetwyfeld sy eie plan vir die onderwys beoog. Gevolglik bevind ons ons by die kruispad om ons òf daarin te berus en ons kinders daaraan uit te lewer, òf om vir ons kinders 'n nuwe tuiste te skep.

Vandag is verengelsing nie soseer die doel nie, maar wel die vorming van 'n nuwe veelrassige nasie. Met dit voor oë word dit onmoontlik om suiwer Christelik-volkseie onderwys in die staatskole te verseker soos wat dit in die verlede moontlik was. Gevolglik was daar weereens mense wat begin het om hulle te beywer vir 'n beweging vir Christelik-volkseie skole.

Op 15 Maart 1989 is die Raad vir Christelik-volkseie Onderwys gestig. Na baie werk is die CVO-grondslagdokument aan die Superintendent-generaal van Onderwys voorgelê en is daar op 12 November 1990 amptelik erkenning aan die CVO-beweging gegee.

Sedert Januarie 1991 is met skoolstigtings begin. Teen 1998 was daar reeds sowat 60 CVO-skole dwarsoor ons land. Stigting van nuwe CVO-skole gaan landswyd steeds voort.

Die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO) ontwikkel vakfilosofieë en kurrikulums.

Die BCVO koördineer ook die skakeling tussen die CVO-skole onderling en pak gemeenskaplike projekte aan. Voorbeelde van projekte wat reeds op hierdie wyse met groot sukses deurgevoer is, is nasionale koorkompetisies, kultuurdae en kunswedstryde, nasionale CVO-atletiekdae, streekatletiekbyeenkomste, jaarlikse winterspele, leier-identifiserings-kampe en leierontwikkelingskampe.

Die BCVO reël en organiseer ook jaarliks Personeelberade, winterskole en ander opleidingsgeleenthede.

12. Keuring en toelating

Die skool is opgerig vir kinders van verbondsouers van die Afrikanervolk wat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte aanvaar, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Daar word van ouers verwag om die toelatingsbeleid van die BCVO te onderskryf en aansoek te doen om lidmaatskap van die BCVO.

Die BCVO koördineer en bevorder die belange van lidskole en Christelik-volkseie Onderwys in die algemeen, deur die bedryf van byvoorbeeld BCVO-kultuur en –sportgeleenthede. Die koste verbonde aan hierdie dienste word by wyse van 'n heffing op skoolgelde deur skole oorbetaal. Geen bykomende lidmaatskapsgeld word van ouers met kinders by BCVO-lidskole vereis nie.

'n Onderhoud word voor toelating met ouers gevoer om hulle te ontmoet en die geleentheid te gee om alle onduidelikhede uit te klaar. Kinders **moet** die ouers vergesel tydens die onderhoud en moet hulle laaste rapport saambring.

Dit word van alle ouers verwag om die primêre verantwoordelikheid vir die **opvoeding en dissipline** van hul kinders te aanvaar, aktief met die skool saam te werk, die waardestelsel soos uiteengesit in hierdie **Prospektus** te alle tye te handhaaf en by die skool in te skakel. Die aktiewe ondersteuning en opbouwende deelname van ouers aan ouervergaderings en verskeie projekte is onontbeerlik.

Ouers moet aan die einde van elke jaar aansoek doen vir hertoelating van hulle kinders vir die daaropvolgende jaar. Die doel met heraansoeke en opvolg-onderhoude is om die Direksie in staat te stel om behoorlik te beplan vir die nuwe jaar en om in gesprek te tree met ouers waar nodig. Hertoelating vind meestal plaas sonder 'n onderhoud. Aspekte wat tydens opvolg-onderhoude ter sprake mag kom, is voldoening aan toelatingsvereistes, probleme wat ondervind mag word met ouerbetrokkenheid, finansiële reëlings, ens.

Gevalle waar die omstandighede van 'n ouer sodanig verander dat hy/sy nie meer en volle voldoen aan toelatingsvereistes nie, word elke jaar na die Direksie verwys vir herkeuring en dit mag gebeur dat die betrokke ouers hul stemreg verloor. Die ouers sal nie toelating van hul kinders geweier word nie, tensy die veranderde omstandighede direk indruis teen die beginsels van die skool, of a.g.v. agterstallige skoolgeld.

Let op dat die klem val op die keuring van ouers. Kinders se optrede en gedrag word veral deur dissiplinêre maatreëls hanteer.

Vir aansoek om toelating moet alle vorms wat by die skool beskikbaar is volledig voltooi word en by die skoolkantoor ingehandig word, waarna onderhoude met alle ouers gereël sal word.

Sedert 2004 word leerlinge vanuit die Pinksterkerke wel tot CVO OMEGA AKADEMIE toegelaat, op voorwaarde dat hul ouers aanvaar dat die leerlinge volgens die Protestants-Gereformeerde leer onderrig sal word en dat die ouers nie stemreg sal hê oor enige maatskappysake van die skool nie.

13. Skoolorganisasie en Bestuur

13.1 Artikel 21 maatskappy

Die skool word bestuur as 'n geregistreerde Artikel 21-maatskappy sonder winsbejag.

13.2 Ouervergadering

Die ouervergadering of ledevergadering word verteenwoordig deur al die ouers van die skool. Ouers word geregistreer as lede van die BCVO, daarom word daar ook na die ouers as 'lede' verwys. Die ouervergadering geskied kwartaalliks, tensy anders deur die Opvoedingsraad kennis gegee word vir spesiale of dringende aangeleenthede.

13.3 Direksie

Die maatskappy registreer **drie lede** van die Opvoedingsraad as Direksielede.

13.4 Opvoedingsraad

Die Opvoedingsraad bestaan uit 'n minimum van sewe lede en word tweejaarlik uit die ouerkorps verkies. Alle genomineerdes moet ingeskrewe ouers van CVO OMEGA AKADEMIE wees asook lede van die BCVO. Die verdeling van die portefeuljes word, wanneer nodig, deur die Opvoedingsraad bepaal. Die Opvoedingsraad is die verteenwoordigende liggaam van die ouervergadering en bestuur alle skoolsake en vergader maandeliks.

Die Opvoedingsraad bestaan uit:

1. Voorsitter;
2. Ondervoorsitter;
3. Sekretaris; en
4. Voorsitter Finansies.

Bogenoemde vier portefeuljes, asook die Skoolhoof, vorm gesamentlik die Dagbestuur (Bedryfsraad). Bykomende lede kan tot die Dagbestuur (Bedryfsraad) gekoöpteer word. Die Skoolhoof vorm deel van die Opvoedingsraad met volle stemreg.

Die Skoolhoof, tesame met die onderwyspersoneel, hanteer die dag tot dag sake en die opvoedkundige aangeleenthede. Sake waaroor die Hoof nie by magte is om besluite te neem nie, word na die Dagbestuur van die Opvoedingsraad verwys.

Die ander lede van die Opvoedingsraad dien elk as voorsitters van die volgende Taakspanne:

Voorsitter: Bemarking

Voorsitter: Kultuur

Voorsitter: Sport

Voorsitter: Funksies

Voorsitter: Terrein

Voorsitter: Kleuterskool

13.5 Taakspanne

Die lede van die Opvoedingsraad tree as voorsitters van die verskillende Taakspanne op. Daar word van alle ouers verwag om by ten minste een Taakspan in te skakel. Aktiewe deelname aan en funksionering van die Taakspanne verseker deurgaans 'n effektiewe en koste-doeltreffende CVO-skoolmodel.

Taakspanne vergader kwartaalliks en streef daarna dat projekte deurlopend sal plaasvind. Alle beplande projekte en take moet aan die Opvoedingsraad voorgelê word vir goedkeuring alvorens 'n projek of taak geloods mag word.

Die werkswyse en werksterreine is geformuleer in elke Taakspan se beleidsdokument. Taakspanne rapporteer maandeliks aan die Opvoedingsraad oor die vordering van take en projekte.

14. Skoolgelde en finansiële reëlings

Hierdie reëlings word jaarliks aangepas. Sien asseblief die verkorte brosjure (hierby ingesluit) vir hierdie jaar se skoolgelde en finansiële reëlings.

15. Skoolbesoek

Ongereelde skoolbesoek benadeel die leerling in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en waarskynlik tot die herhaling van die graad. Swak skoolbesoek kan ook later 'n lewenshouding by die kind word in sy dagtaak. Net soos elke volwasse persoon 'n werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerling 'skoolgaan' as sy daaglikse werk beskou en dit na die beste van sy vermoë doen. Om kontrole te vergemaklik versoek ons ouers vriendelik om die kantoor te skakel wanneer 'n leerling om een of ander rede afwesig gaan wees. **Let wel:-** 'n Leerling moet ten minste 1 uur by die skool wees om op die register teenwoordig gemerk te word.

Indien 'n leerling weens onvermydelike omstandighede, soos siekte, dood of begrafnis van 'n familielid of enige ander dringende rede van die skool afwesig moet wees, is hy/sy verplig om 'n **verskoningsbrief** na die registeronderwyser te bring. So 'n verskoningsbrief moet deur die **ouer of voog** geskryf word en die datum en rede vir afwesigheid vermeld. Vir langdurige afwesigheid moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word. Vir afwesigheid met 'n toets of eksamen word ook 'n mediese sertifikaat vereis. Daarsonder kry 'n leerling **0** vir die betrokke toets of vraestel.

16. Skooltye

Opening: 07:30 (elke oggend)

Skool verdaag: 13:45

Kleuterskool verdaag: 12:00

Op die laaste skooldag van elke kwartaal sluit die Skool om 11:00.

Eksamentyd:

Die skool sluit om 11:00 daaglik tydens die Junie en November eksamens. Tydens hierdie eksamentyd is daar 'n wagklas tot 13:00. Die Kleuterskool sluit daaglik om 12:00.

Gedurende die Eerste en Derde Kwartaal bly die skoolure tot die dag wat die skool sluit, vanaf 07:30 - 13:45, behalwe die laaste dag voor die vakansie, wanneer die skool dan om 11:00 sluit. Die Kleuterskool sluit 12:00 daaglik en om 11:00 op die laaste dag.

17. Vakke

Al die vakke word aangebied soos deur Umalusi vir laerskole voorgeskryf, deur die BCVO aangepas in ooreenstemming met ons volkseie, Christelike beginsels en Christelike waardes.

Die Graad 12-kandidate skryf die IEB (Independent Examination Board) eindeksamen, wat ten volle geakkrediteer is by Umalusi. Die skool handhaaf 'n 100% Graad 12-slaagsyfer sedert 1997.

Die verpligte vakke vir Graad 10 tot 12 is Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal en Lewensoriëntering.

Daar is DRIE vakbaan keuses, naamlik:

Wetenskaplike baan: Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Rekenaartoepassingstechnologie of Landboubestuurpraktyk

Handelsbaan: Wiskunde, Rekeningkunde, Besigheidstudie en Rekenaartoepassingstechnologie of Landboubestuurpraktyk

Algemene baan: Wiskundige Geletterdheid, Besigheidstudie, Geografie en Rekenaartoepassingstechnologie of Landboubestuurpraktyk

18. Toetse en Eksamens

1. Toetsreekse word geskryf in die Eerste en Derde Kwartale.
2. In die Tweede en Verde Kwartale word 'n volle eksamen afgeneem.
3. Roosters word vroegtydig beskikbaar gestel sodat almal lank voor die tyd seker is van die datums waarop onderskeie vakke geskryf word.
4. Die vorige kwartaal se rapporte word so spoedig doenlik aan die begin van die nuwe kwartaal aan die ouers beskikbaar gestel.
5. Kleuters, sowel as Graad R tot 3-leerlinge word deurlopend ge-evalueer volgens 'n progressiewe evalueringstelsel.
7. Gestandaardiseerde eksamens word in Junie en November afgelê in Grade 3 tot 12 in opdrag en in die diskresie van die BCVO Onderrigraad.
8. Gedurende eksamentye hou onderwysers toesig en verleen hulp aan leerlinge wat dit moeilik vind om vrae te interpreteer en meer ouditief georiënteerd is.
8. Slaagvereistes en promoveringsprosedures strook met owerheidsvoorskrifte soos deur Umalusi bepaal.

19. Huiswerk

Huiswerk is 'n verlengstuk en aanvulling van klaswerk wat buite die klaskamer deur die leerling self voltooi en/of geleer moet word. Die doel met huiswerk is dat die leerling die geleentheid kry om dit wat geleer, bemeester of verwerk moet word en waaraan reeds onder toesig in die klaskamer geoefen is as klaswerk, op eie verantwoordelikheid deur selfstandige inspanning verder in te oefen. Verder is die doelstellings met huiswerk:

- Die opvoeding tot selfstandigheid en verantwoordelikheid.
- Die bevordering van selfstandige studiegewoontes.
- Selfdissiplinerings ten opsigte van vryetydsbesteding.
- Om die leerlinge geleentheid te gee om self en onder eie omstandighede die skoolwerk aan te durf.
- Om die geleentheid te bied vir die selfstandige verwerking van kennis en die bemeestering van vaardighede.
- Huiswerk is nie beperk tot skriftelike werk alleen nie – dit is veel meer; dit behels ook studie- en leerwerk. Huiswerk moet in 3 rondtes gedoen word, naamlik:
 - * Skriftelike werk
 - * Leerwerk (teorie) van die dag se vakke
 - * Vroegtydige voorbereiding vir naderende toetse/eksamens.
- U as ouer, moet gereeld let op u kind se punte/vordering.
- U as ouer, moet ook gereeld insae in u kind se huiswerkboek hê om te verseker dat huiswerkopdragte daarin aangeteken is en of dit uitgevoer is.

- Leerlinge in die verskillende grade behoort ten minste die volgende tye aan huiswerk te bestee:

* Graad 1 tot 3	:	20 minute to ½ uur per dag
* Graad 4	:	½ uur tot 1 uur per dag
* Graad 5 en 6	:	1 tot 1½ uur per dag
* Graad 7	:	1½ tot 2 uur per dag
* Graad 8 - 9	:	2 uur per dag
* Graad 10 en 11	:	3 ure per dag
* Graad 12	:	4 ure per dag

20. Dienste

20.1 Kleuterskool

CVO OMEGA AKADEMIE beskik oor 'n ten volle geïntegreerde, goed toegeruste Kleuterskool wat onderrig bied met 'n geskeduleerde dagprogram vir kinders vanaf ouderdom 3 jaar tot Graad R (ontvangsjaar). Die reëls en reëlings bly grootliks dieselfde as vir die Laerskool, aangesien die Kleuterskool oorhoofs op bestuursvlak geïntegreerd is met die res van die skool.

Daar is 'n portefeulje vir Kleuterskoolaangeleenthede op die Opvoedingsraad. Hierdie span behartig terrein- en klaskamerverbeterings, asook sake van belang. Kleredrag is informeel, behalwe Graad R waar die leerlinge skool-sportklere dra op Dinsdae en Donderdae. Graad R-leerlinge neem deel aan BCVO programme vir sport en kultuur, sowel as op administratiewe vlak.

Ouers van Graad R-leerlinge moet as BCVO lede registreer. 'n Lys van jaarlikse benodigdhede is by die kleuteronderwyseres verkrygbaar. Aflaai- en ontvangsprosedures geld en sal met ouers behandel word tydens inskakeling by die onderskeie klasgroepe.

20.2 Naskool

Die skool beskik tans nie oor 'n naskool fasiliteit nie.

21. Buitekurrikulêre aktiwiteite

Die opvoedingsprogram van CVO OMEGA AKADEMIE bestaan nie net uit die versamel van feite-kennis nie. Indien dit ons doel was, sou ons onvolledige jongmense die lewe instuur. Dit is vir ons van belang dat 'n kind ook 'n breër belangstelling sal toon as slegs in sy/haar skoolwerk.

Ons neem ook die vrymoedigheid om u uit te nooi om saam met u kinders by ons skoolaktiwiteite betrokke te wees.

Sekerlik die grootste geskenk wat u as ouer u kind kan gee, is tyd en belangstelling in u kind se skoolaktiwiteite.

21.1 Sport

Ten einde effektiewe sportaktiwiteite te bedryf, lê CVO OMEGA AKADEMIE klem op individuele sportsoorte.

Afrigting word soos volg aangebied:

Eerste Kwartaal

Atletiek

Skaak

Tweede Kwartaal

Tennis

Ringtennis

Skaak

Toutrek

Derde Kwartaal

Krieket

Tennis

Ringtennis

Skaak

Vierde Kwartaal

Atletiek

Skaak

Leerlinge word ook ondersteun om die jaarlikse **Noord Kaap Rugby- en Netbal Oefenkampe** by te woon. Ander sportsoorte, soos **perdry** en **karate** word ook in die omgewing aangebied.

21.2 Kultuur en ander bedrywighede

Kultuuroordrag is inherent deel van die opvoedingsproses en daarom moedig ons leerlinge aan om by die kultuuraktiwiteite betrokke te wees. Godsdienstige en Afrikaner-feesdae word deur die skool herdenk. 'n Verskeidenheid aktiwiteite word deur die loop van die jaar aangebied om kinders die geleentheid te bied om binne en buite skoolure kultuur te skep en uit te leef. Die skool skakel ook in by streek- en landswye kunswedstryde en kultuurfeeste wat elke jaar vir CVO-skole onder beskerming van die BCVO-kultuurraad gereël word. Die volgende kultuuraktiwiteite word aangebied:

- Kunswedstryd
- Revue
- Kultuuraande
- Sanggroep
- Redenaars
- Jeugleierskursusse
- Avontuur uitstappies

Die volgende Christelike- en Volksdae word jaarliks by ons skool herdenk:

- Majubadag 27 Februarie
- Goeie Vrydag Datum wissel jaarliks
- Van Riebeeckdag 6 April
- Hemelvaartdag Datum wissel jaarliks
- Republiekdag 31 Mei
- GRA-dag 14 Augustus
- Verwoerddag 6 September
- Krugerdag 10 Oktober
- Hervormingsdag 31 Oktober
- Geloftedag 16 Desember

21.3 Kultuur-Historiese Toer

Tweejaarliks word 'n kultuur-historiese toer na verskeie dele van die land aangebied, verkieslik die Suid- en Oos-Kaap vir kultuur-historiese opvoedkundige doeleindes.

22. Leierskampe

Graad 12-leerlinge besoek jaarliks 'n leierskamp wat aangebied word deur die Skool. Dit word bepaal deur die Streeksonderrigraad. Leierskampe vind plaas gedurende Januarie van elke jaar.

23. Leierstelsel

23.1 Skoolleiers word jaarliks aan die einde van elke skooljaar verkies soos deur die personeel voorgestel en deur die Opvoedingsraad bekragtig, sodat hulle kan dien in die daaropvolgende jaar.

23.2 Een Hoofleier en een Hoofleidster word verkies uit die groep verkose leerlinge. Indien die jaargroep te klein is om al die poste te vul, kan òf die leierkorps verklein word, òf kan daar leerlinge vanuit 'n jonger Graad aangewys word om die poste te vul. Die Hoof en personeel sal hieroor 'n besluit neem nagelang van behoefte en/of meriete.

23.3 Senior leerlinge neem deel aan die demokratiese verkiesingsproses, maar die onderwysers en die Hoof neem, met inagneming van die verkiesingsuitslae, die finale besluit.

24. Merietetoekennings

'n Toekenningsaand word aangebied, gewoonlik vroeg in November, waartydens leerlinge vereer word vir prestasies gelewer deur die loop van die jaar. 'n Volledige beleid van toekenningsstandaarde bestaan in die Skool waarvolgens toekennings bereken en gemaak word. 'n Erekleure-sisteem bestaan tans nie in die Skool nie, alhoewel dit eersdaags gaan verander sodat ons ook Erekleure kan toeken vir uitstaande prestasies.

25. Oueraande

Soos vermeld onder die opskrif "**Rapporte**", vind kwartaallikse oueraande plaas, gekombineerd met 'n kwartaallikse ouervergadering, op die eerste Donderdag-aand van elke kwartaal. Dit word in die jaarprogram so geskeduleer en deeglike kennis word derhalwe gegee. Tydens so 'n gekombineerde byeenkoms word Rapporte van die voorafgaande kwartaal se akademiese aktiwiteite beskikbaar gestel aan die ouers en word ouers ook genooi om by hierdie geleentheid probleme met onderwysers te bespreek.

26. Afsprake tydens skoolure

26.1 Leerlinge

Slegs onder buitengewone omstandighede sal toegelaat word dat 'n leerling gedurende skoolure 'n dokter of tandarts besoek. Sover moontlik moet enige afspraak na skoolure gereël word.

26.2 Ouers

Ouers wat tydens skoolure die skool besoek, moet sover moontlik eers 'n afspraak met die Hoof of betrokke onderwyser maak. **Geen** ouer mag tydens skoolure direk na 'n onderwyser se klas gaan alvorens hy/sy by die Hoof aangemeld het nie.

27. Dissiplinêre Stelsel

Dissipline is in 'n groot mate 'n openbaringswyse van gesag en kan daarom as vorm van gesag beskou word. Vir die ordelike verloop van die onderrig- en opvoedingsituasie moet dissipline noodwendig gehandhaaf word. Dissipline moet in alle handeling van die kind gestalte vind. So moet die kind byvoorbeeld gedissiplineerd wees ten opsigte van sy menslike verhoudinge, afhandeling van sy werk en sy beplanning. Ongedissiplineerdheid veroorsaak chaos in 'n skool.

Omdat die handhawing van goeie dissipline van uiterste belang is by **CVO OMEGA AKADEMIE**, is 'n goed gestruktureerde dissiplinestelsel in werking.

Daar word streng opgetree teen enige leerling wat die orde en dissipline by die skool ondermyn of probeer ondermyn.

Dissiplinêre optrede by wyse van 'n dissiplinekaart sal volg op die volgende oortredings:

- Huiswerk nie gedoen,
- Swak taalgebruik
- Swak gedrag
- Oneerlikheid
- Ongehoorsaamheid

Die verantwoordelikheid van die ouer, as primêre opvoeder, om 'n gedissiplineerde kind skool toe te stuur, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

28. Skoolreëls

Algemene Orde

- Leerlinge moet betyds by die skool wees: **07:20**
- Alle leerlinge moet voor die skool op die sementblad afgelaai word.
- Geen leerling mag die skool sonder die Hoof se toestemming verlaat nie. Volg ook die uitteken prosedure.
- Wanneer leerlinge uit die skool geneem word vir vroeë of laat vakansies, of watter rede ookal, moet die Hoof deur die ouers in kennis gestel word.
- Geen leerling in klaskamers tydens pouses.
- Beskadiging van skool eiendom sal voor vergoed word.
- Kougom verbode.
- Geen speelgoed word by die skool toegelaat nie.
- Ouers moet asseblief nie tydens skoolure by die klasse opdaag sonder om eers by die kantoor aan te meld nie. Gebruik dienooreenkomstig die voordeur by die sekretaresse en nie die sy-ingange nie.

Algemene reëlings

- Klerebank: 'n afspraak kan met mev Hanina Oelofse gemaak word.
- Snoepie sal slegs oop wees vir leerlinge tydens die pouse.
- Siek kinders moet liever nie skool toe gestuur word nie. Indien hulle wel gestuur word, moet ouers asseblief die skool in kennis stel van die kind se moontlike ongesteldheid.
- Deelname aan fiksheidsprogramme is verpligtend vir alle kinders. In geval van ernstige kwale, bly dit die ouer se verantwoordelikheid om die skool in kennis te stel.

Klasreëls

- Leerlinge tree netjies in twee rye aan voordat die onderwyser/es toestemming verleen om die klas binne te mag gaan.
- Tydens aantrede voor klasse sal daar onmiddellike stilte deur leerlinge gehandhaaf word.
- Leerlinge staan agter hul stoele totdat hulle deur die onderwyser/es gevra word om te sit met die aanvang van periodes.
- Leerlinge staan op wanneer volwasse besoekers die klasse binnekom tydens besoeke in klastyd.
- Geen leuens, skeltaal of onbeskoftheid sal in die klaskamers en op die skoolgronde geduld word nie.
- Respekteer mekaar.

28.1 Skooldrag

28.1.1 Seuns

SOMER:

Op Maandae, Woensdae en Vrydae die volgende: Vanaf 1 Oktober tot 30 April dra die Laerskool 'n grys kortbroek en wit hemp en die Hoërskool 'n grys langbroek en wit hemp. Die voorgeskrewe skooltrui kan gedra word en hoërskoolleerlinge word aangemoedig om die voorgeskrewe skoolbaadjie aan te skaf. Op Maandae, gedurende die Wydingsperiode van 7:30 - 08:00, is lang grys kouse en swart skoolskoene vir die seuns verpligtend vanaf Gr 1—11. Graad 12-leerlinge trek hulle skooldas en skoolbaadjie aan vir die Wydingsperiode.

WINTER:

Vanaf 1 Mei tot 30 September dra die Laerskool hul skoolsweetpak bo-oor hul skoolklere met wit sokkies en seilskoene. Die hoërskoolseuns dra 'n grys langbroek, wit skoolhemp, skooltrui of –skoolbaadjie met grys kouse en swart skoene. Graad 12-seuns dra 'n grys langbroek, wit hemp, skooldas en matriekbaadjie.

Op Dinsdae en Donderdae word sportdrag aangetrek soos voorgeskryf.

28.1.2 Dogters:

SOMER:

Op Maandae, Woensdae en Vrydae die volgende: Vanaf 1 Oktober tot 30 April dra die Laerskool en die Hoërskool die voorgeskrewe skoolromp met wit sokkies en swart skoene. Die voorgeskrewe skooltrui kan gedra word en hoërskoolleerlinge word aangemoedig om die voorgeskrewe skoolbaadjie aan te skaf. Op Maandae, gedurende die Wydingsperiode van 7:30 - 08:00, is wit skoolsokkies en swart skoene vir die dogters verpligtend vanaf Gr 1—11. Graad 12-leerlinge trek hulle skooldas en skoolbaadjie aan vir die Wydingsperiode.

WINTER:

Vanaf 1 Mei tot 30 September dra die Laerskool hul skoolsweetpak bo-oor hul skoolklere met wit sokkies en seilskoene. Die hoërskooldogters dra 'n wit skoolhemp, blou skool langbroek met 'n skoolbaadjie of –trui. Graad 12-dogters dra óf 'n blou skool langbroek met 'n wit hemp, das en matriekbaadjie, óf die skoolromp met sykouse en swart skoene en die matriekbaadjie.

Op Dinsdae en Donderdae word sportdrag aangetrek soos voorgeskryf.

28.2 Algemene voorkoms van Leerlinge

28.2.1 Meisies

- a. Hare in poniesterte word gebind deur rekkies in blou of wit.
- b. Seëlringe en klein oorkrabbetjies in ringetjie of bolletjie is toelaatbaar. Geen ander juwele word toegelaat nie.
- c. Geen tatoeërmerke of jel en kleur in hare word toegelaat nie.
- d. Geen naellak.
- e. Geen grimering van enige aard.
- f. Naels moet kort gesny en skoon wees.

28.2.2 Seuns

- a. Hare moet volgens skoolreëls kort gesny wees.
- b. Geen juwele, tatoeërmerke, jel of kleur in die hare of versiering van enige aard word toegelaat nie.
- c. Naels moet te alle kort gesny wees en hande skoon.

28.3 Skooltasse

- a. Slegs tasse of rugsakke met versterkte kante mag gebruik word.
- b. Niks mag op die tasse geskryf wees, geskets of geplak word nie – tasse mag wel gemerk word met bv. 'n naamkaartjie.

28.4 Handboeke

Handboeke is en bly die eiendom van die skool. Leerlinge is aanspreeklik vir alle handboeke aan hulle uitgereik en moet verlore en vernielde boeke self vervang. BCVO-handleidings wat die eiendom van leerlinge is, asook alle ander handleidings en handboeke moet te alle tye netjies met plastiek oorgetrek word.

28.5 Huiswerkboeke

Die skool voorsien jaarliks huiswerkboeke teen minimale koste. Leerlinge moet dus nie ander huiswerkboeke aankoop nie. Die gebruik van die voorgeskrewe huiswerkboeke is verpligtend en leerlinge moet alle huiswerkopdragte en take daarin aanteken.

28.6 Selfone

Geen selfone word gedurende skooltyd op die skoolterrein toegelaat nie. Indien 'n dringende oproep gemaak moet word, gaan leerlinge na die sekretaresse, verduidelik die probleem en die sekretaresse sal dan die oproep na die ouers toe maak .

28.7 Skoolterrein

- a. Rommelstrooi is 'n ernstige oortreding.
- b. Bome en plante mag nie beskadig word nie.
- c. Geen leerling mag binne- of buite skoolure met skooldrag enige pamflette of kennisgewings namens instansies of persone uitdeel, sonder toestemming van die Hoof of Opvoedingsraad nie. Die leerlinge is onderhewig aan die dissipline van die skool.
- d. Geen leerling op die skoolterrein mag gedurende skoolure met persone buite die skoolterrien gesels, of by motors saamdrom nie.
- e. 'n CVO-leerling gebruik nie vuil of onweloweglike taal nie en hou ook sy/haar taal suiwer. Ons gebruik ook nie die Here se naam ydelik nie.
- f. Leerlinge mag nie aan mekaar stamp of mekaar afknou nie. Daar mag ook nie op die stoepe gehardloop word nie.
- g. Wees altyd betyds by die skool. Indien 'n leerling egter laat kom, moet hy/sy eers by die kantoor gaan rapporteer.
- h. Tydens klaswisseling moet leerlinge ordelik beweeg. Leerlinge wat laat kom by klasse sal gestraf word.
- i. Geen vandalisme sal toegelaat word nie.

28.8 Kleedkamers

Kleedkamers behoort die trots van elke leerling te wees. Leerlinge moet die kleedkamers te alle tye netjies en skoon laat nadat hulle dit gebruik het.

Geen etery, hardloop, gly, speel of samedromming word in die kleedkamers toegelaat nie.

28.9 Optrede buite die Skool

Buite die skool en na ure bly leerlinge ambassadeurs en verteenwoordigers van die skool. Waar ons ookal beweeg of wat ons ookal doen, moet ons optrede altyd korrek en volgens die gees van die skool wees. Vir **CVO OMEGA AKADEMIE** is net die beste goed genoeg!

29. Dokumente wat nodig word vir keuring en toelating

29.1 Oorplatingskaart (indien afkomstig van 'n ander skool)

29.2 Die jongste skoolrapport

29.3 Afskrif van Geboortesertifikaat/Identiteitsdokument van leerling

29.4 Die volgende vorms, wat by die kantoor beskikbaar is, moet volledig voltooi en weer by die kantoor ingehandig word:

Vorm 01	:	Toelatingsbeleid: Grondslag en beginsels van CVO OMEGA AKADEMIE: 'n Vraelys aan Ouers
Vorm 02	:	Aansoek om Toelating
Vorm 03	:	Inligting van leerling
Vorm 04	:	Gesinsbesonderhede
Vorm 05	:	Aanvaarding en verpligte betaling van onderriggeld
Vorm 06	:	Toestemming en vrywaring
Vorm 07	:	BCVO-Lidmaatskap: Aansoekvorm

'n Onderhoud met die Opvoedingsraad sal so spoedig moontlik met die voornemende ouer/s geskeduleer word. Albei die ouers, asook die voornemende leerling, moet tydens die onderhoud teenwoordig wees.

Let Wel: Geen leerlinge word tot die skool toegelaat (ook nie voorwaardelik nie), voordat 'n onderhoud deur die Opvoedingsraad met voornemende ouers gevoer is nie.

30. Ten slotte

30.1 Die Hoof en Opvoedingsraad behou die reg voor om, indien 'n leerling hom/haar skuldig maak aan oortreding van die skoolreëls, soos vervat in die **Prospektus**, 'n oorplatingskaart sonder enige waarskuwing aan die betrokke leerling uit te reik.

30.2 'n Ware Afrikaner en CVO-leerling tree altyd beskaafd op, gehoorsaam die skoolreëls en is trots op sy/haar tradisies, kultuur, skool en skooldrag.

30.3 CVO OMEGA AKADEMIE is ons almal se kosbaarste kleinood. Kom ons koester en bou dit uit tot 'n bastion vir Christelike- en Volkseie Onderwys en tot eer van God.

Handelinge 5: 38 en 39

“En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan, want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie...”



Ontwerp en saamgestel: Saffier Produksies
2de Uitgawe 2014
Kontak: June (079 888 5858)